

## **Fosfaat aanvulling by Herkouers**

Beyers Mallo

Bestuurder en Voedingskundige

Veekos

Suid - Afrikaanse weidings het oor die algemeen 'n tekort aan fosfaat. Dit is dus van kardinale belang dat daar fosfaat in die vorm van lekke aangevul word. Fosfaat speel 'n belangrike rol in verskillende metabolise funksies by diere.

Die fosfaat behoeftes van diere hang af van die produksiestatus van die dier asook die tipe en kwaliteit weiding wat beskikbaar is. Diere kan op die kort termyn kompenseer vir fosfaat tekorte in hul rantsoen deur fosfaat uit die been te mobiliseer. Indien die tekorte aanhou word die eetlus onderdruk wat 'n afname in groeitempo, produksie en vrugbaarheid tot gevolg het. Indien erge fosfaat tekorte vir 'n lang periode aanhou sal tand en been abnormaliteite begin voorkom. Ander simptome van fosfaat tekorte is lamheid, styfheid, krom rug, opgeswelde gewigte, growwe en dowwe hare en bene wat maklik breek. Beeste wat aan erge fosfaat tekorte blootgestel word sal bene begin kou wat kan lei tot botulisme (toxic paralysis). Skape wat erge fosfaat tekorte lei kou egter nie aan bene nie.

Die produksie respons op fosfaat aanvulling is groter op groen weidings as droë weidings. Die rede is dat proteïene en energie gedurende die droë seisoen laag is en dus die beperkendste invloed op produksie het. Fosfaat aanvulling sal daarom slegs goeie resultate lewer indien die proteïene en energie kwaliteit en kwantiteit genoegsaam is. Fosfaat aanvulling vir diere gedurende periodes waar proteïene en energie tekorte voorkom sal gewigsverlies by die diere tot gevolg het. Lakterende diere mag wel baat by 'n matige aanvulling van fosfaat tesame met 'n proteïene aanvulling.

Daar bestaan 'n komplekse wisselwerking tussen minerale en mikrominerale wat fosfaat absorpsie kan inhibeer indien die balans nie reg is nie. Die kalsium vlakke moet ook noukeurig reggestel word sodat die CA:P verhouding nie groter as 2:1 is nie. Vitamiene D speel ook 'n belangrike rol deurdat dit die fosfaat vervoersistiem in die dunderm stimuleer, phytase aktiwiteit verhoog en dus 'n belangrike rol in fosfaat retensie speel. Die tipe fosfaatbron speel ook 'n belangrike rol in fosfaat absorpsie. Beenmeel is die fosfaatbron wat die laagste beskikbare fosfaat voorsien teen 20-45% beskikbaarheid. Monokalsium fosfaat (MCP) se beskikbare fosfaat is ongeveer 78-82 % en Monoaminofosfaat (MAP) se beskikbare fosfaat is ongeveer 85-92%. Wanneer fosfaatbronne met laer beskikbare fosfaat voorsien word, moet daar meer van die bronne voorsien word om aan die dier se behoeftes te voorsien.

Fosfaataanvulling in die somer geskied deur 'n P6 fosfaatlek en in die winter word proteïenlekkie gegee wat laer vlakke fosfaat aan die dier voorsien. Veekos se Futterfos en Veekos P6 lekke is spesiaal geformuleer om die hoogste beskikbare fosfaatbron te voorsien asook 'n volledige gebalanseerde mikromineraal samestelling. Die Veekos fosfaatlekkie bevat ook proteïene wat die weidingsinname stimuleer en sodoende meer energie aan die dier beskikbaar stel. Alle Veekos produkte is by die naaste KLK handelspunt beskikbaar.